SABoerperd
Telersgenootskap / Breeders Society
Raadsverslae: Augustus 2019

**RAADSVERSLAG: AJ Burger**
**PORTEFEULJE: KOöRDINERING**

In my hoedanigheid as portefeulje koördineerder, was dit my primêre doel om lede van die Raad, in hulle betrokke portefeuljes, by te staan en om 'n atmosfeer van kreatiewe denke te skep, tot voordeel van die Genootskap.

Hierin het ek die president bygestaan, asook ander lede in hul onderskeie portefeuljes, en saam kon ons die Genootskap se belange met 'n positiewe gesindheid behartig. In die proses, is die wetenskap nou ook ingespan om ingeligte besluite in die teelproses te kan neem. Genomika is deesdae die gonswoord die SA Boerperd staan aan die voorpunt op die gebied.

'n Joernaal van hoogstaande gehalte is uitgegee. Reklame baniere word ook gesien by verskeie skoue.

Deurgaans poog ons om binne die kollektiewe vermoë van die Genootskap, die wiele aan die rol te hou. Ek doen 'n beroep op alle lede om hul verantwoordelikhede teenoor die Genootskap na te kom. Finansies bly altyd 'n groot uitdaging.

Lede se borgskappe vir die Nasionale Kampioenskappe is 'n riem onder die hart. 'n Genootskap wat selfversorgend is, kwalifiseer makliker vir borge van buite, en in die verband doen ek 'n beroep op lede om hande te vat.

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op elke lid van die Genootskap om in enige verband met Raadslede te skakel vir die beswil van die Genootskap.

Perde is die samebindende faktor in die Genootskap. Mense is die Genootskap. Saam is dit moontlik dat die SA Boerperdras kan groei. Diens aan bestaande lede is en bly 'n prioriteit. Raadslede reik sover moontlik uit na lede.

My opregte dank aan alle Raadslede vir hul volgehoue samewerking en waardering vir Elize en haar harde werk.

Die belangrikste: Dank aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en onderskraging en vir die instndhouding van die Skepping. Al is die duiwel die regeerder op hierdie wêreld, het ons elkeen 'n keuse voor wie ons die knie wil buig en is ons dankbaar dat ons nou reeds deel van Sy "Koninkryk van LIG" kan wees, mits ons in HOM glo.

*"Work in silence....*
*Let success be our noise"*
Chinese Spreekwoord